

Nuusbrief 203

1 Junie 2016



Beste lede,

NASIONALE REGULEERDER VAN VERPLIGTE SPESIFIKASIES (NRVS)

Die NRVS het gedurende verlede week met inspeksies begin by goedgekeurde aanlegte asook met ondersoeke na vermoedelik onwettige aanlegte in Limpopo provinsie. Hulle het ons ook ingelig dat hulle soortgelyke inspeksies en ondersoeke in alle streke gaan begin, en ons wil ons lede versoek NRVS tydens hulle besoeke in te lig van enige onwettige aktiwiteite waarvan julle dalk bewus mag wees.

IRG 47 PORTUGAL

Bruce het die jaarlikse “International Research Group on Wood Protection” -konferensie in Portugal bygewoon. IRG47 het ± 270 afgevaardigdes vanaf 37 lande gelok en 128 artikels is aangebied. Van meldbare belang was:

- IRG/WP 16-20573 – Global survey on durability variation – on the effect of the reference species
- IRG/WP 16-30693 – Evaluation of advanced tannin-boron preservative in unsterile soil-bed tests
- IRG/WP 16-40751 – Evaluation of commercially available polyurethane resin to develop non-biocidal wood preservation treatments
- IRG/WP 16-10855 – Above ground performance of a buffered amine oxide treatment system against *Mastotermes darwiniensis*
- IRG/WP 16-40753 – Encapsulation of poles to prevent moisture uptake – a laboratory test
- IRG/WP 16-40726 – Modifying wood with paraffin wax emulsion impregnation and thermal modification: hydro-phobization effect and mechanism of the combined treatment
- IRG/WP 16-20575 – CCA treated wood, will it last 100 years?
- IRG/WP 16-20595 – Performance of copper treated poles and posts after three to fifteen years of exposure
- IRG/WP 16-30689 – Termiticidal effect of bitumen & creosote treatments on selected Nigerian wood species
- IRG/WP 16-50316 – *Cryptotermes brevis* – a silent earthquake for wood structures in a world heritage city in the Azores islands
- IRG/WP 16-10864 – Formation of biofinishes on outdoor exposed wood; the impact of wood-oil combination and geographical location
- IRG/WP 16-40769 – Dynamics of biofilm formation on wood impregnated with vegetable oils
- IRG/WP 16-40745 – Durability of thermally modified engineered wood products
- IRG/WP 16-40736 – Role of cell wall specific moisture content on the brown-rot fungal attack on wood
- IRG/WP 16-50320 – Life cycle assessment of creosote treated wood and tall oil treated wood with focus on end-of-life
- IRG/WP 16-40755 – An open letter to proponents of CLT/Massive timber
- IRG/WP 16-40718 – The durability of manufactured structural building materials

Die laaste 2 artikels was deel van ’n sessie oor CLT en ander strukturele boumateriaal wat uitgewys dat die soort materiale byna nooit behandel word teen biologiese afbreek nie, en hoofsaaklik op goeie ontwerp, konstruksie en onderhoud staat maak om dit te voorkom: 3 dinge wat selde hand aan hand gaan. Kontak ons indien u inligting oor, of ’n afskrif van artikels wil hê. ’n Volledige lys van aanbiedinge is beskikbaar by SAWPA.

Ons is bly om bekend te maak dat SAWPA se bod om die IRG49 vergadering in 2018, tesame met Johannesburg Toerisme as die hoofborg, suksesvol was. Die voorlopige datums is 29 April tot 3 Mei 2018, en meer inligting sal oor die komende 23 maande bekend gemaak word.

WOODEX FOR AFRICA 2016 ~ GRATIS TOEGANGSKAARTJIES

SAWPA stal volgende week weer by die WoodEX for Africa -skou uit. Dit word gehou word by die Gallagher Konvensie sentrum in Midrand. Lede wat graag komplimentêre toegang wil hê moet vooraf registreer by <http://www.greenexhibitions.co.za/exweb3/exweb.dll/Register?e=05B65EEBDADA4C728CDCBC9482500991&g=E3E2C680432A4D34B02978331D6A8B37>, of deur die aangehegte kaartjie te voltooi, uit te druk en saam te neem, en sodoende die R80 toegangsfooï te vermy.



SANS 5967 – Retensie van verduursamingsmiddels in hout (volumetriese metode)

SAWPA, byname die chemiese forum, het onlangs 'n versoek ingedien vir die hersiening van SANS 5967, die toetsmetode wat die volumetriese retensie bepaling omskryf. Die voorgestelde hersiening behels die wysiging van die vloeimetermetode wat in LOSP-aanlegte gebruik word, asook die insluiting van die gebruik van lasselle as aanvaarbare en goedgekeurde metode vir volumetriese retensiebepaling vir waterdraende, sowel as olie of organiese oplosmiddelbevattende verduursamingsmiddels.

NUUSBROKKIES

- SAWPA het onlangs 'n artikel en 'n advertensie in die "Farmers Review Africa" tydskrif geplaas. Om dit te besigtig besoek <http://www.farmersreviewafrica.com/wp-content/uploads/2016/05/Mar-Apr2016.pdf>
- SAWPA is vennoot van die Cape Construction Expo wat vanaf 11 tot 12 Augustus in Kaapstad aangebied word. Kontak ons by sawpa@global.co.za indien u meer inligting oor die skou verlang.
- SAWPA bied 'n kompetisie aan! Elke jaar versprei SAWPA 'n jaarkalender wat baie goed ontvang word. Indien u 'n foto of foto's in hoë resolusie het wat u dink 'n goeie kalenderfoto kan wees, stuur dit gerus aan ons by sawpa@global.co.za.
- Op die 23ste Maart het Bruce 'n aanbieding oor houtpreservering en die toepaslike regulasies by 'n NHBC werkwinkel in Kaapstad aangebied, wat deur geregistreerde bevoegde persone (ingenieurs) en NHBC amptenare bygewoon was.
- Op 9 Junie sal Bruce ook 'n aanbieding maak by 'n houtdakstruktuurwerkwinkel in Stellenbosch wat sal handel oor houtvernietigende faktore en houtpreservering. Soortgelyke werkwinkels word ook later vanjaar in KZN en Gauteng .

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbriëf gemaak is nie.